

UIT **DIEPE GROND**  
**Deur**  
**RESA DE WET**

Soekie en Frikkie lê op die dubbelbed en slaap. Sy word wakker, rek haar uit en sit dan op die kant van die bed met haar rug na die gehoor. Terwyl sy haarself krap en gaap-geluide maak, soek sy onder die bed na die pot, kry dit nie en gaan na die anderkant van die bed. Sy kry nie die pot nie.

**SOEKIE:**

Boetie, het die vlooië jou ook so gebyt? Hulle't my die hele nag gebyt - tot tussen my tone ook. Ma het mos gesê ons moet kakiebos gaan pluk om onder die matras te sit, maar ons het weer nie vir haar geluister nie! Boetie is jy wakker? *[Sy gaan na hom en rek sy ooglede oop]* Word wakker, Boet!

*[Sy spring op en kielie onder sy voete]*

Kielie, kielie, kousie!

*[Sy klim af en leun oor Frikkie terwyl sy hom berispe]*

Jy moet nou opstaan! Pa kom nou kyk of jy al in die spruit gewas het!

*[Teemstem]* Wil jy nie speel nie, Frikkie?

Hoekom nie vandag nie? Ek sal speel as ek wil.

*[Sy spring op en praat met 'n kleindogtertjiesstem asof sy iemand wat in die kombuisdeur staan aanspreek]*

More, Mammie. Ja, Mammie, ek is lankal op. Ek het, Mammie. Kyk, my hande is skoon... en my gesig ook. Ja, ek het agter my ore gewas.

Ja, Mammie, ek sal gou aantrek. Nee, Mammie, ek sal nie drentel nie - ek sal nou kom eet. Nee, nie pap nie, Mammie. Ek wil nie weer pap eet nie. *[Skreeu hard]* Ek haat pap! *[Pleitend, bang]* Askies, Mammie...

Ek is jammer, Mammie... Ek sal nooit weer so met Mammie praat nie... Asseblief, Mammie... Nee, Mammie... Nie kasterolie nie!... Nee, Mammie...

Maar hoekom moet ek dit dan los Frikkie?

Kom drink nou jou koffie, dit word koud.

*[Skielik baie kwaad en probeer die koppie by hom afvat]* Gee vir my die een met die oor! Jy't dit gister gehad en vandag moet ek dit kry!

*[Slurp]* Hoekom wil jy nie vandag speel nie, Boetie? Dis seker oor die man wat kom. Is dit vandag wat hy kom?

Kom eet jou kos. Vanoggend is daar net een eier.

*[Sy loop na die tafel, loer skelmpies om te kyk of Frikkie haar sien en spreek dan weer met haar kleindogtertjies 'n denkbeeldige persoon aan]*

Ja, Ma, ek sal alles opeet, Ma - die korsie ook.

*[Terwyl sy die eier wat sy klaar afgedop het, versigtig in twee deel]*

Jy maak nie mooi met my nie, Frikkie. Jy's lelik met my Boetie. *[Hard en kwaad]* Jy't die grootste stuk vir jou gevat! *[Huilstem]* Jy doen dit altyd! *[Sy loop na die venster]*

Daar's 'n stofwolk daar anderkant op die grondpad! Dis hy! Die man! 'n Gas! Hy's 'n gas! Ons sal vir hom tee gee! Ek sal vir ou Alina roep en vir haar sê om die goeie koppie uit te haal en die wit servette en die klein teelepeltjies. *[Met streng grootmensstem]* Maar jy moet aantrek, Frederik! Jy kan nie so lyk as daar mense kom nie. As daar kuermense kom dan lyk jy ordentlik, hoor jy vir my! Is jou naels skoon? Het jy agter jou ore gewas? Blink jou skoene? Trek jou wit hemp aan en jou nuwe broek - en dan bly jy in die huis tot die mense kom, want anders lyk jy teen daardie tyd weer verslons. Ek ken vir jou.

*[Gewone stem en baie opgewonde]* Kom nou, Frikkie, maak gou!

*[Triomfantelik]* Ek weet!

O, ja! *[Gaan na die kis wat eenkant staan en maak dit oop]* Wag 'n bietjie... wag net... Kyk hier!

*[Sy haal 'n pak klere uit die kis en gooi dit vir Frikkie]* Daar's vir jou 'n pak om aan te trek! Ek weet dis Pa s'n maar dis nog mooi. Kyk net al die strepies! En hier's 'n skoene...

Trek hulle maar aan al is hulle te groot.

*[Skielik 'n grootmensstem]* Trek aan, Frederik! En kam jou hare!

*[Sy haal 'n rok uit die kis en hou dit voor haar]* Kyk, Boetie! Ek sal mos mooi lyk in die rok. Onthou jy, Frikkie, Ma het die rok altyd kerk toe aangetrek... nie net op Sondag nie, maar ook vir begrafnisse. Dit maak nie saak as jy nie sokkies het nie. Dis die skoene wat belangrik is. Kyk! Hier's vir my ook skoene. *[Haal haar Ma se kerkskoene uit die kis en trek hulle aan. Sy loop dan wankelig met die skoene wat heeltemal te groot is. Begin weer in kis vroetel]* En kyk, hier's Ma se jakkals! Kyk net hoe blink sy oë! En hier's handskoene - een handskoen. *[Trek een handskoen aan]*

Hoe lyk ek vir jou my man? *[Grootmensstem]*

Ons het lanklaas kuiermense gehad, nè, Boetie?

Dit voel amper weer soos Sondag na kerk... onthou jy Frikkie?

*[Grootmensstem]* Kom kinders, dan kry julle vir julle 'n stukkie koek of 'n tertjie en dan gaan speel julle buite. Maar moenie raas nie want onthou dis Sondag. *[Sy wink met die hand]* Soekie...! Kom terug... kom terug en haal jou kerkhoed af! *[Eie stem]* En as die tannies afbuk om my te soen, dan stamp hulle krale so teen my wang...

En die ooms...

...hulle't my sommer opgelig om my te soen...

*[Grootmensstem]* Mooi bly, grootnooi. Soet wees poplap. *[Giggel]*

Onthou jy Frikkie... ons het altyd op die trappe gesit en na die grootmense daarbinne geluister. Die koppies en die teelepels het geklink soos baie klokkies... *[Dromerig]* Die wit tafeldoek met al die blinkgoed...

*['n Motor hou stil. Daar word geklop. Die man kom binne]* Dis tant Riekie, Frikkie! Hoe gaan dit met tant Riekie meneer? Sy't altyd vir ons presente gebring. Onthou jy die trein, Frikkie. En sy't met vyf tasse kom kuier - een tas net vir skoene. Sy't altyd op die koperbed geslaap in die spaarkamer. Dis nou voor Piet van Rensburg dit ook kom haal het.

*[Grootmensstem]* Kom gerus binne, meneer. Sal u 'n bietjie tee drink?

*[Soekie draai haar kop na die kombuisdeur en skreeu skielik hard]*

A-li-na! Bring die tee! Die goeie koppie hoor! *[Sag en intiem met 'n grootmensstem]*

Kom sit gerus meneer. Daar's ongelukkig niks om saam met die tee te geniet nie. Ek sou iets gebak het maar die hennelê deesdae so sleg.

*[Eie stem]* Ek en Frikkie het vanoggend elkeen net 'n halwe eier gehad, nè, Frikkie? *[Teemstem]* Maar hy het die grootste stuk vir homself gevat.

Ek dink hulle is ontstig omdat die haan gevrek het. Toe ek en Frikkie klein was, Meneer, het dit baie gereën en dan het ek saans gelê en luister na die reën op die dak. Mens slaap altyd die lekkerste as dit reën. *[Dromerig]* By die venster het die reën van die langdak op die stoepdak gedrup... en tussen die drup, drup... kon 'n mens die dahlias hoor groei. Ja die dahlias het die hele nag gegroei... en al die nuwe knoppies het stadig oopgegaan. Daar was pienkes en perses, rooies en geles... Maar die wittes was die grootste. In die donker het hulle geblink soos sterre...

Raas hy met ons, Boetie?

Meneer... Ons wil jou nie seermaak nie, maar sien jy wil alles bederf - nes Ma en Pa! Hulle't vreeslik met ons geraas - en hulle wou my ook wegstuur!

*[Skielik met 'n grootmensstem. Skreeu hard en skril]*

'n Skandvlek! 'n Skandvlek op ons naam! Mōre stuur ons jou weg! Jou agterbakse klein slet! En jy sal nooit weer - nie oor my dooie liggaam - een oomblik onder dieselfde dak as jou broer deurbring nie! En jy! As jou Pa hiervan te hore kom sal hy die velle van jou lyf aftrek. En toe't hulle ons toegesluit. Ek het al amper geslaap... toe klop jy aan my venster. En toe ons by Ma en Pa se venster kom was dit oop.

Pa het op sy rug gelê en hard gesnork en Ma het op haar sy gelê - so ineengekrimp... En hulle't nooit weer met ons geraas nie - het hulle, Boetie? *[Sag en vertroulik]* Want sien Meneer, ons het hulle gebêre...

*[Soekie haal 'n tou onder die kopkussing uit en kruip nader aan die man]*

Dis die waarheid... Sien, hulle wou alles bederf - net soos jy. En hulle't ook baie met ons geraas - net soos jy, jou stouterd! Jou karnallie! Ons gaan jou ook bêre. Ja jongie... *[Terwyl sy die tou om die man se voete draai]*

Ja - net soos vir Pa... ja, jongie, ja - net soos vir Pa. Jy wou mos... jy wou mos alles bederf... jy wou mos. Ek gaan haal die sambok. Kom, ou Alina, kom help my. Ons moet hom aan die vleishak hang! Aan sy voete! *[Kinderlik opgewonde]* Sy broek Boetie! Trek dit af.

*[Soekie gaan sit by die deur en luister aandagtig. Binne hoor sy hoe fluit en klap die sambok. Na 'n ruk]* Hy kla nie meer so baie nie, nè Boetie?

Hy's nou soet, nè Boet?

Pappie ek weet jy hoor ons... en jy sien ons ook. Ons het nêrens om weg te kruip nie... weg te kruip van jou verskriklike oë nie.

Ja ou Alina, ek is baie moeg. Maar ek moet eers bid.

*[Terwyl sy bed toe loop]*

Liewen Heer, ek ben een kindjie klein... Maak my hartjie skoon en rein... Amen.

*[Dan klim sy terug in die bed. In dieselfde posisie wat sy was toe sy wakker geword, het en maak haar oë toe terwyl sy so vir tien tellings slaap.]*

---ooOoo---

Ook geskik vir hoërskooldogters, grade 11-12.

(Halim-Literêr, Posbus 629, Pretoria 0001)